

BELEEF GOD

GROEIGROEP MATERIAAL



BE LEEF GOD REEKS

SONDAG 13 Februarie 2022

(Be)Leef God

God is altyd aan die werk....

God is alomteenwoordig...Hy is aan die beweeg...

God nooi jou in 'n intieme verhouding in met Hom....

Hy wil hê jy moet Hom beleef en ervaar....

As jy dink die Here is klaar met jou het jy dit mis.....

Jy is 'n gestuurde.....

Reeks boodskappe

- 06 Feb 2022 - Die Realiteit
- 13 Feb 2022 - Die Verhouding
- 20 Feb 2022 - Die Uitnodiging
- 27 Feb 2022 - Die Heilige Gees
- 06 Mrt 2022 - Die Geloofskrisis
- 13 Mrt 2022 - Die Verandering

BE LEEF

GOD
REEKS

SONDAG 13 Februarie 2022

Uit Sondag se boodskap – 20 Februarie 2022

Jy leer God werklik ken en ervaar deur 'n ondervinding waarin Hy Homself aan jou openbaar. Moses het by die brandende bos vir God gevra “Sê nou maar ek kom by Israeliete en ek sê vir hulle – Die God van julle voorvaders het my na julle toe gestuur, en hulle vra my: Wat is sy Naam?, wat moet ek dan vir hulle sê? God het geantwoord: “Ek is wat Ek is. Jy moet vir hulle sê “Ek is” het my na julle toe gestuur.

Vraag: Wat beteken dit vir ons wanneer God sê “Ek is wat Ek is” in die konteks vd reeks Be(Leef) God en sy uitnodiging aan ons?

God steek sy hand na ons elkeen uit, om in 'n persoonlike, intieme verhouding met Hom te wees en om diensbaar in sy koningryk te wees. Ons dink baie keer dat ons nie goed genoeg is om in sy koningryk diensbaar te wees nie, ons het so baie verskonings.....ons kruip weg

“Our deepest fear is not that we are inadequate. Our deepest fear is that we are powerful beyond measure. It is our light, not our darkness that most frightens us. We ask ourselves, 'Who am I to be brilliant, gorgeous, talented, fabulous?' Actually, who are you not to be? **You are a child of God.**

BELEEF GOD REEKS

SONDAG 13 Februarie 2022

Your playing small does not serve the world. We are all meant to shine. **We were born to make manifest the glory of God that is within us. It's not just in some of us; it's in everyone.** And as we let our own light shine, we unconsciously give other people permission to do the same. As we are liberated from our own fear, our presence automatically liberates others.” (Marianne Williamson)

Vraag: Watter lesse kan jy leer uit Rigters 6: 12-22 en Marianne Williamson se skrywe hierbo oor God se droom vir jou?

Lees Lukas 14:1-3; 15-24

Ons is in verhouding met 'n lewende God, 'n God wat nie deur wette beheer word nie. Om in verhouding met Hom te wees is dinamies, elkeen van ons het 'n unieke verhouding met Hom.

Liefde, gehoorsaamheid

Jesus het gesê : As julle my liefhet, sal julle my opdragte uitvoer (Joh. 14:21). As jy Jesus gehoorsaam, wys jy dat jy Hom liefhet en vertrou. Die Vader het almal lief wat Jesus liefhet. Jesus het gesê dat Hy wat Hom liefhet ook sal liefhê, en Homself aan hulle sal openbaar. Gehoorsaamheid is die sigbare bewys van ons liefde vir God.

'n Intieme verhouding met God vereis dat jy liefde bewys deur gehoorsaam te wees.

BELEEF

GOD
REEKS

SONDAG 13 Februarie 2022

Vraag: Bespreek wat jy verstaan “ons moet die gees vd gebooi volg”

Vraag: Wat beteken “Gehoorzaamheid is die sigbare bewys van ons liefde vir God” prakties vir jou?

God nooi jou na die bruilof.....nooi jou om deel te neem aan sy koninkryk werk

..SAVE THE DATE. (lees weer....SAVE THE DATE)

Wat is jou verskoning?.....om nie God se uitnodiging te aanvaar nie....

Al wat die Here vra is jou gewilligheid om in intieme verhouding met Hom leef.

Lees 1 Johannes 2:15-17

Verskoning 1: Besittings..... behoefte aan nog meer mag, nog meer rykdom, nog meer aansien.....wat ons kan laat struikel

BE LEEF

GOD
REEKS

SONDAG 13 Februarie 2022

Verskoning 2: Met ons beperkte “menslike” denke....probeer ons God na iets kleins en verstaanbaar verminder...weg redeneer.....en ons mis uit op om sy almag, liefde en heerlijkheid te Be(Leef)

Verskoning 3: Begeertes...na aardse verganklike dinge wat in ons pad staan van 'n intieme verhouding met ons Vader

Gebed laat jou met God praat, deur sy Woord te lees en te oordink laat jy God toe om met jou te praat.

God is altyd aan die werk....Hy werk deur sy mense....

God neem inisiatief en kom na jou toe. Hy maak bekend wat Hy wil doen, en nooi jou om deel te wees van sy werk.

Lees Johannes 5:17, 19-20

Vraag: Hoe het Jesus geweet wat om in sy Vader se werk te doen?

BELEEF

GOD
REEKS

SONDAG 13 Februarie 2022

Kyk waar God werk

God probeer ons wys aandag kry deur vir ons te wys waar Hy werk. Ons sien dit maar ons herken dit nie onmiddellik as God se werk nie.

Vraag: Beskryf 'n gebeurtenis of gebeure in jou lewe wat as jy terugdink jy nou besef God was aan die werk?

...ons is gestuurdes

Voordat God jou geskep het, het Hy presies beplan hoe en waar Hy wil hê jy met jou lewens platform sy koningryk kan uitbrei. Hy het jou vir die taak gevorm. Jy is presies soos jy is, omdat jy vir jou spesifieke opdrag gevorm is.

Jou *unieke lewens platform* is onder andere 'n kombinasie van jou geestelike gawes; jou hart (begeertes, belangstellings, hoop, ambisies, drome en voorliefdes); jou vermoëns, jou persoonlikheid en jou ervarings.

Die ervarings in jou lewe waaroor jy die meeste gebelgd voel of wat jy die meeste berou - die wat jy wegsteek en vergeet – dit is sulke ervarings wat God ook wil en kan gebruik om ander te help.

BELEEF GOD REEKS

SONDAG 13 Februarie 2022

Vraag: Dink biddend na op watter manier (indien nie reeds) jy jouself passievol besig kan sien met God se werk en jy baie hou van wat jy doen?

Hoe meer jy na God honger, hoe meer vul Hy jou. Hoe meer Hy jou vul, hoe meer honger jy na Hom om jou al hoe meer te vul. En hoe ongelooflik dit ook al is, God hou aan gee.

Vraag: Op watter gebied van my geestelike groei behoort ek geduldiger, meer volhardend en in groot verwagting met God te praat?

Kerk in Suid Visie

“Waar die Gees lewens en gemeenskappe verander”

Sluit af met gebed

As jy dink die Here is klaar met jou, het jy dit mis.

